

## Beste kollega

Bybel-Media (BM), as die media-arm van die NG Kerk, se fokus is om 'n effektiewe diens aan gelowiges, gemeentes en ook ander kerkgroepe te lewer. By BM is ons dankbaar dat ons dié dienste deur elektroniese en skriftelike kommunikasiekanaale; verskeie webtuistes en die handelsafdeling - Bybel-Media-Handel (BMH) dwarsoor Suid-Afrika en Namibië kan lewer.

Hierdie brief is 'n opvolg op die brief wat ek reeds in Julie aan jou oor die inrigting van **Toerustingsondag 9 September 2018** aan jou gestuur het.

Ons nadenke oor die Missio Dei (God se sending) wil ons help met ons verstaan van kerkwees. Op hierdie reis van kerkwees wil BM gemeentes help en toerus om gestalte te gee aan hul missionale roeping in hul gemeenskap en die wêreld.

As vennoot in gemeentes se bediening wil BM hierdie jaar hulpmiddels verskaf wat meer vertel van die werk wat ons doen. Gemeentes kan hierdie hulpmiddels vóór, ná of tydens die eredienste op Toerustingsondag gebruik.

Die volgende hulpmiddels is vir jou hierby ingesluit en word aan elke NG gemeente in die land versend. Al drie hierdie hulpmiddels is beskikbaar by: [fondswerwing.bybelmedia.org.za/toerusting](http://fondswerwing.bybelmedia.org.za/toerusting)

- 'n **preek oor missionaliteit**, spesiaal vir ons geskryf deur dr Andries Cilliers (NG Gemeente Sonstraal).
- 'n **kort video** oor die werksaamhede van BM.
- 'n **Uitdeelstuk** oor die werksaamhede van BM. Dit is ook elektronies beskikbaar by die bogenoemde skakel. Ons stuur hierdie hulpmiddels slegs vir jou, jou kollega/s (indien jy 'n kollega/s het) en die gemeente se skriba. Dit sal gaaf wees indien jy ook hierdie inligting vir die persoon wat die finansies in die gemeente hanteer, kan deurgee. Indien jy meer van hierdie uitdeelstukke verlang, kontak ons asseblief so spoedig moontlik.

Hierdie Sondag is ook 'n geskikte geleentheid om 'n **Spesiale Kollekte** - soos deur die Algemene Sinode in 2015 herbevestig - vir Bybel-Media op te neem.

Spesiale kollektes of 'n donasie vir BM bewillig, kan soos volg hanteer word:

Inbetaal in BM-tjekrekening: ABSA, Wellington, **405 118 1699** (meld kollekte en gemeentenaam), óf ge-pos word na: BM, Posbus 5, Wellington 7654

***Jy is welkom om my te kontak vir 'n preekgeleentheid en om Bybel-Media se werksaamhede in julle gemeente te kom bekendstel.***

Dankie vir jou gereelde voorbidding, volgehoue ondersteuning en oorweging van 'n **spesiale kollekte op Sondag 9 September 2018**.

Vriendelike BM-groete,



Strydom Bruwer

T 021 864 8223

e-pos: [strydom@bmedia.co.za](mailto:strydom@bmedia.co.za)